**Gebedslys**

- Ons bid steeds vir klein Danika wat ernstig siek is — vir genesing, krag en God se hand van beskerming oor haar en haar familie.
- Ons dank die Here dat Marie-Louise op die herstelpad is en bid vir voortgesette krag en volkome herstel.
- Ons dra almal in ons gemeente aan die Here op wat siek, eensaam of alleen is — mag hulle God se nabyheid, troos en liefde beleef.
- Ons bid hierdie week in die besonder vir die bediening van FEBA Radio en almal wat daar diens doen om die Evangelie uit te dra.
- Ons bid vir liefde, vrede en eensgesindheid in ons gesinne, families, gemeente, gemeenskap, stad en land.
- Ons bid vir ons predikante — dat hulle die stem van God duidelik sal hoor en Sy Woord getrou en met wysheid sal uitdra volgens Sy wil.

"Volhard in die gebed; wees daarin waaksaam met danksegging." – Kolossense 4:2